



eduresourceza.com

ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12: OPSOMMING 1

JANUARIE 2021

10

EKSAMINATOR: Mev L Swart

MODERATORE: Mev R Vink, Mev R van Niekerk (Yeshiva College)

NAAM: _____



Die dokter by die Medicross het vanoggend vyf pasiënte gesien.

Sê wat die dokter by elke pasiënt gediagnoseer het en wat hy vir elkeen van hulle voorgeskryf het.

- Nommer jou sinne puntsgewys van 1 tot 5.
- Begin elke sin met: **Jy ...**
- Jou opsomming moet **70 woorde** lank wees.
- Jy sal geenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Moenie direk aanhaal nie.
- Moenie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf die **getal** woorde **aan die einde** van jou opsomming neer.

Pasiënt 1: Dokter, ek voel die afgelope paar dae baie duiselig.

Dokter: Dit is duidelik 'n oorinfeksie wat jy het. Hierdie tyd van die jaar is dit 'n algemene probleem. Ek stel voor dat jy oordruppels by die apteek gaan kry sodat jy die infeksie so gou as moontlik kan opklaar.

Pasiënt 2: Goeiemôre Dokter. Ek het eergister gestruikel en sedertdien het ek 'n verskriklike pyn in my knie.

Dokter: Volgens die X-straal lyk dit asof jy 'n ligament geskeur het, want daar is nie 'n gebreekte been daarop te sien nie. Jy moet sorg dat jy jou knie styf met 'n verband toedraai en so min as moontlik beweeg sodat die ligament kan genees.

Pasiënt 3: Dokter, ek het hierdie maagpyn en ek voel naar en het geen eetlus nie.

Dokter: Ek vermoed dat jy 'n maagseer het. Ek sal aanbeveel dat jy 'n afspraak by 'n spesialis moet maak om seker te maak dat jy die korrekte mediese behandeling kry. Dit help nie ek gee jou medisyne vir 'n maagseer en dan is dit iets anders nie.

Pasiënt 4: Dokter, ek slaap deesdae so sleg en soggens is ek so moeg.

Dokter: Ek dink jy ly aan stres. Jy het vir my gesê dat jy altyd angstig is. Ek gaan pille vir jou voorskryf wat jou behoort te help kalmeer en dan behoort jy ook beter te kan slaap.

Pasiënt 5: Goeiemôre Dokter. My rug is altyd so seer en die pyn skiet sommer in my bene in en dit voel asof ek met duisende naalde gesteek word.

Dokter: Dit lyk vir my asof jy dalk 'n geknypte senuwee het. Ek wil jou nie op hierdie stadium na 'n spesialis toe stuur nie, want ek dink dat 'n fisioterapeut jou dalk sal kan help. Jy sal oefeninge kry wat jou werwels gaan rek en dit behoort die probleem van die geknypte senuwee op te los

(319 woorde)

Nasienriglyne

1. Jy het 'n oorinfeksie en jy moet oordruppels by die apteek gaan koop. (13)
2. Jy het 'n ligament geskeur en jy moet die knie met 'n verband toedraai/ sorg dat jy die knie rus. (21)
3. Jy het dalk 'n maagseer en jy moet 'n afspraak by 'n spesialis maak. (14)
4. Jy ly aan stres en ek gaan vir jou kalmeerpille voorskryf. (11)
5. Jy het 'n geknypte senuwee en jy moet 'n fisioterapeut besoek. (11)

[70]

- 1: nie genommer nie
- 1: lengte ontbreek
- 1: geen woordtelling nie
- 1: gelieg oor lengte

- ½: per sin vir direkte aanhaling
- ½: per sin vir nie met Jy... begin nie